



Applous-pos

JULIE-UITGAWE

2021

VAN DIE REDAKSIE

Welkom by die eerste uitgawe van Applous-pos, 'n virtuele gesels- en inligtingsforum vir almal wat op die een of ander manier betrokke is by kore en koorsake.

Om Applous-pos te laat slaag het ons al die lesers se bydraes nodig. Stuur asseblief vir ons na bessie@applous.co.za bydraes oor aspekte van koorsang wat 'n medekoorleier kan help, koorstories, inligting oor interessante dinge wat gaan gebeur of reeds gebeur het, in-diepte artikels en wat nog meer.

Op die stadium verskyn Applous-pos een maal per kwartaal. Indien jy hoor van iemand wat graag die publikasie wil ontvang, stuur asseblief vir ons die persoon se naam en e-posadres.

Vier van ons beoordelaars het gedurende Junie op 'n paar plekke informele koorgesprekke met koorleiers gevoer. Ons deel graag hul bevindings met die res van die koorgemeenskap.

Kom laat ons sing!

Bessie Keun en Johan Esterhuizen

INHOUD

- | | |
|----|------------------------|
| 01 | Kom ons leer! |
| 03 | Koorstaaltjies |
| 03 | Pos uit die buiteland |
| 04 | Ontmoet 'n SA komponis |
| 06 | Nuut aan die koorfront |
| 08 | Koorgesprekke |
| 11 | Nuusbrokkies |



KOM ONS LEER!

WOORD-TOONHARMONIE
Petru Gräbe

Ek het al baie gewonder hoe dit werk dat 'n koor oor meer as twee dekades kan vasklou aan 'n bepaalde koorwerk al is daar elke jaar 'n substansiële wisseling van koorlede. Is dit die woorde, die melodie, of dalk die harmonie wat hierdie binding bewerkstellig?

Dit was meer as 25 jaar gelede tydens 'n koorsimposium in Finland: 'n Finse koor sing in 'n onverstaanbare taal, maar die sangers gee hulleself oor aan die pakkende, eenvoudige musiek. Anders as in die voorafgaande liedere, straal die gesigte skielik en die oë blink. Ek moes net vra waaroor die betrokke lied gegaan het. Een van die koorlede vertel toe dis 'n Somerpsalm. In Skandinawië wag hulle maande lank vir die lig, die warmte en die kleure van hulle kort somer.

Ek kon die versoeking nie weerstaan nie en tuisgekom, skryf ek 'n teks vir die musiek:

*Vir al die goue oomblikke
van jare vol genade,
vir elke mooi herinnering
aan klank en kamerade,
kom ons om U ons dank te bring
met hart en mond en lewe,
ons Redder en ons Here.*


Een enkele sin, maar die koor se leuse "sing met die hart, sing met die mond, sing met die lewe" – woorde van Augustinus – is deel daarvan, saam met koordinge wat net 'n koorlid regtig kan verstaan. En nou, ná 'n kwarteeu, sing die koor steeds die lied. (Intussen is daar ook 'n Engelse sowel as 'n Noord-Sotho teks bygedig.) Tydens die Tukkiekoor se optrede by 'n koorsimposium in Sydney, kom die dirigent van 'n jeugkoor na my toe aangestap en stop die "Irish Blessing" in manuskripvorm vir my in die hand.

Hiervoor skryf ek en my vrou, Ida, later 'n vrye Afrikaanse vertaling:

*Slaan jou oë op na Hom toe
laat sy wind jou seile bol met krag
laat sy son se strale jou begroet
sy reën jou lande daagliks voed.
Mag sy vrede oor jou wees, sy vrede oor jou wees,
sy genade oorgenoeg vir elke dag.*

Albei hierdie liedere bly steeds sedert ek die koor in 1998 gegroet het deel van die repertoire. Honderd jaar voor JS Bach het Heinrich Schütz baanbrekerswerk gedoen deur tekste uit die Duitse

Lutherse Bybel met groot sorg te toonset. Die lang melismas getoonset op sleutelwoorde in die teks is die klinkende getuigenis van 'n huwelik tussen teks en musiek. Dit was vir my 'n onmisbare stuk kooropvoeding om destyds as vier-en-twintigjarige student die oefensessies en toer as lid van 'n jeugkoor van Frankfurt am Main na Switzerland te kon meemaak.



Die program het bestaan uit koorwerke wat almal uit Schütz se Geistliche Chormusik kom. Ek het ter wille van die beoogde toer by die koor aangesluit, maar het algaande besef dit moes eintlik ter wille van die kosbare koormusiek gewees het. Natuurlik was ek verbaas dat 'n studentekoor, met een van my medewiskundestudente as koorleier, 'n toer onderneem met so 'n "swaar" program.

Ek sou later 'n hele paar van hierdie koorstukke vir die Tukkiekoor leer, en wat 'n fees! Hier was die eenheid tussen woord en toon baie opvallend. Ek dink aan Schütz se Die wat met trane saai, 'n toonsetting van verse uit Psalm 126. Die werk begin met 'n hartseer karakter en sugmotiewe, om dan direk oor te skakel na walsmaat vir "sal met vreugde maai".

Ook in sy toonsetting van verse uit Psalm 19, Die hemele vertel die eer van God, kom daar woordskildering voor. By die woorde "tot by die wêreld se uiteinde" breek die musiek skielik af en 'n kort stilte volg voordat dit verder gaan. Verder gebruik die komponis 'n reeks polifoniese intredes van verskillende stemgroepe om "een dag gee vir die ander 'n boodskap aan" baie letterlik te verklank. 'n Klassieke voorbeeld van Schütz se skilderwerk kom voor in sy werk Ek is die ware wynstok en julle is die ranke. As 'n mens die bladmusiek bekyk by die teks "julle is die ranke", vorm die sestiendenote op die notebalk draaie wat soos ranke lyk!

Spring ons van Schütz na Bach, word hierdie woord-toonverhouding voortgesit in sy motette en passies. Baie getrou word die natuurlike ritme van die gesproke teks, met aksente en al, ooreenstemmend getoonset. Dit maak 'n goeie, geloofwaardige vertolking vir die koor moontlik. Sing vir die Here 'n nuwe lied is een so 'n voorbeeld. En so het Mendelssohn en Schubert voortgegaan om in hulle vokale werke die karakter van die gesproke Duits te respekteer by die toonsetting daarvan. Ná hulle het ook Johannes Brahms die tradisie voortgesit. Dink maar aan sy Duitse Requiem waarin woorde en musiek totaal één word. Richard Strauss het in sy Lieder veral harmonieuse uitdrukking aan die teks gegee.

Ek het met 'n vraag begin en baie ver gaan draai, heeltyd dankbaar bewus van die groot erfenis van vokale musiek wat ons veral uit Duitsland ontvang het. Wanneer ek oorspronklike tekste geskryf of vertaal het, het dit my gehelp om maar net die woorde te kies en te plaas op musiek wat reeds gekomponeer was. Op die ou end is dit nie die teks, of die melodie, of die harmonie nie, maar eerder die manier waarop al drie hierdie elemente verweef is om saam 'n boodskap te bring wat so sterk is dat mense dit jaar ná jaar, oor en oor wil sing. Natuurlik kan mens nie anders nie as om hier die naam te noem van Chris Lamprecht, gedagtig aan, onder meer, sy komposisie Wie het ek buiten U. Hy is 'n kunstenaar wat in navolging van die groot meesters wat hierbo genoem is, ook in sy komposisies die woord-toonverhouding nougeset respekteer.



BOTONE VAN 'N KOORLEWE

In Botone van 'n Koorlewe verskyn daar 27 koorstories, oor 'n tydperk van 40 jaar versamel.

Nog enkele kopieë is by petru.grabe@gmail.com

beskikbaar teen R200 elk, Postnet-aflowering ingesluit.

KOORSTAALTJIES

Die A Capella-Eeufeekoor.
Chris Lamprecht

Boksburg Moedergemeente het in 1982 sy 100-jarige bestaan feestelik gevier. As oudorrelis is ek ook genooi om 'n geleentheidskoor te dirigeer. Die koor het bestaan uit verskeie kore uit die omgewing en ander vrywilligers. Soos dit maar gaan, was daar omtrent 50 soprane, agt alte, drie tenore en vier basse.

'n Mens kon maklik sien waar die tenore in die massakoor staan, want een van hulle het so 'n opvallende rooi strikdas aangehad. Anders as wat die meeste van die koorlede gewoond was, moes hulle a capella sing. Ten spyte van die ongebalanseerde samestelling van die koor, het hulle ná 'n lang repetisie tog redelik as ensemble saamgesmelt – veral in die pianissimo's.

Dit was 'n snikhete Sondagmiddag en die verrigtinge sou om drieuur begin. Teen daardie tyd was die meeste van die 60-plussers in die koor al redelik verlep, veral ná die lang oefentyd vooraf. Net voor die diens sou begin, kom die man met die rooi strikdas na my en vra, "Oom Chris, kan Oom nie maar daar waar ons so sag moet sing, die koor 'n bietjie 'boost' met die orrel nie?"

Nadat al die oudleraars, afgevaardigdes van die Ring van Boksburg en die Streeksinode hulle boodskappe van gelukwensing oorgedra het, was dit die Eeufeekoor se beurt om op te tree.

Het ek tog maar geluister na die strikdasman, dan kon ek tog die koor 'n bietjie "geboost" het met die orrel ...



POS UIT DIE BUITELAND: OOSTENRYK

Richter Grimbeeck

Richter is 'n veelsydige musikant wat nie net 'n koordirigent is nie maar ook 'n saxofoonspeler. In Suid-Afrika was hy onder andere die dirigent van Hoërskool Jeugland, Hoërskool Randburg en die Oos-Randse Jeugkoor.

Groete uit Oostenryk aan die Applous-familie

Sjoe, dis nou lekker om met julle in Applous-pos te gesels.

Ons bly al nege jaar in Oostenryk, Weibern.



Dit is heerlik hier op die platteland (45 km van Linz af) en ons dorpie het so plus minus 2 000 inwoners

Ek dirigeer tans vyf kore, een simfoniese blaasorkes en gee klas in klavier, sang en saxofoon. Ek werk ook vir die Landesmusikschule, waar ek op weeklikse basis met gestremde volwassenes musiekterapie beoefen. My vrou, Lizé, werk as projekteur (skoue en uitstallings) in Ried en Amelie, ons dogter, maak nou klaar met matriek en Alexander is die jaar klaar met die Volksschule (Graad 1-4).

In die Covid-tyd het alles maar stilgestaan, maar soos julle weet 'n boer maak 'n plan, en so ontstaan my nuwe webtuiste die Koorfluisteraar: <https://www.choirwhisperer.at/>

Dis in Engels en in Duits, dit gee koorleiers die kans om oefen-MP3's af te laai en met hulle koorsangers te deel sodat die sangers goed vir elke kooroefening kan voorberei. Ek het al die stemme gesing, van sopraan tot bas. Daar is tans oor die 230 verskillende liederes, van Kersfees-, gospel tot Afrikamusiek.

Op die webtuiste gee ons ook 'n platform vir komponiste om hulle musiek of CD's te verkoop. Miskien kan dit die moeite werd wees vir Suid-Afrikaanse dirigente en sangers?

In die Covid-tyd kon 'n mens lekker 'n mens instrumente beoefen en sommer baie verwerkings en komposisies doen. Ek is tans besig met baie blaasmusiek-orkesstrasies en is sommer voorbereid met programme en projekte tot en met 2024.

Luister ook gerus my onderhoud op RSG op 4 Mei met Christelle Webb-Joubert op RSG Kuns: <https://www.rsg.co.za/rsg/programskedule/rsg-kuns/?tab=potgooi>

Koorgroete uit Oostenryk!

ONTMOET 'N SA KOMPONIS

Anton Esterhuysen: komponis en verwerker

Hoe het jy as komponis betrokke geraak by ATKV-Applous?

Dit is te danke aan Retha Visser (dirigent van Hoërskool Eunice in Bloemfontein se skoolkoor, Vitae Cantamus). Ek het so tien jaar gelede 'n klomp verwerkings vir hul skoolkoor gedoen en op 'n stadium het Retha my aandag op ATKV-Applous se komposisiekompetisie gevestig. Komponiste kan nuwe koorwerke voorlê wat deur 'n keuringskomitee gekies kan word as voorgeskrewe werke vir die volgende jaar se ATKV-Applous. Daar is ook 'n prys vir die beste komposisie vir laerskole, asook die beste komposisie vir hoërskole. Ek het 'n SATB-komposisie ingeskryf wat toe gekeur is as 'n voorgeskrewe werk. Daardie komposisie was "Ode aan my land" (wat sedertdien as 'n musiekvideo verfilm is en ook as massakoorkorwerk by die 2018 Choir



Olympics in Pretoria en 2019 se ATKV-Apploos-finaal in Bloemfontein uitgevoer is). Die daaropvolgende jaar is my komposisie "Tiener Rock" gekies as 'n voorgeskrewe werk. Sedertdien is daar nog 'n paar ander van my komposisies as voorgeskrewe werke gekies vir laer- en hoërskole.

Daar is 'n katalogus van jou koorverwerkings en -komposisies op die ATKV se webwerf. Wanneer dit by verwerk en komponeer kom, verkies jy die een bo die ander?

Ek was baie dankbaar toe ek die geleentheid gegun is om my katalogus op die ATKV se webwerf beskikbaar te stel omdat dit 'n baie goeie platform is om jou werk op sigbaar te maak. Daar is natuurlik baie meer verwerkings as oorspronklike komposisies. Laasgenoemde bly 'n meer uitdagende proses vir my, waarskynlik ook omdat ek dit nie so gereeld doen nie. Ek sien myself in die eerste plek as 'n verwerker en dan as 'n komponis. Die eindresultaat is egter vir my ewe bevredigend.



Doen jy net verwerkings en komposisies vir kore?

Nee. Om die waarheid te sê, my verwerkings vir kore word verdwerg deur die aantal verwerkings wat ek al vir ensembles en orkeste gedoen het. Dit is waar my eintlike passie lê. Ek is nou al vir meer as twintig jaar werksaam by die Geloofsentrum Universitas (voorheen NG Kerk Universitas) in Bloemfontein waar ek die musiekleier is. Ons het 'n instrumentale ensemble (wat enigiets van tromme en elektriese kitare tot viole en keteltromme bevat) waarvoor ek al die verwerkings doen. Met spesiale geleenthede in die gemeente brei ons die ensemble uit tot 'n orkes van dertig of veertig lede, so dit hou my weer in oefening met verwerkings vir orkeste. Verder is daar ook talle produksies waarvoor ek instrumentale verwerkings gedoen het.

Verwerk/komponeer jy in 'n spesifieke styl?

Ek werk gewoonlik in 'n crossover-styl (vermenging van klassieke en kontemporêre/populêre style). Ek het eers BMus geswot en toe Jazz en het met 'n klassieke en populêre agtergrond grootgeword.

Jy het onlangs begin help met die tegniese versorging van die voorgeskrewe werke vir ATKV-Apploos. Is daar groot uitdagings verbonde aan so iets?

Darem nie te veel nie. Die feit dat die meeste komponiste vertrou is met musieknotasiesageware vergemaklik die proses heelwat. Die XML-platform wat maak dat lêers tussen verskillende soorte musieknotasieprogramme gebruik kan word, help ook baie. Terselfdertyd help Bessie Keun se skerp oog om iets wat ek dalk gemis het raak te sien. Daar is soms faktore wat tyd neem, soos wanneer ek 'n handgeskrewe partituur op die rekenaar moet invoer of solfanotatie moet bysit (laasgenoemde kort maar altyd 'n bietjie redigering in notasiesageware). Elke komponis het ook sy eie voorkeure wanneer dit by notasie en bladuitleg kom, so dit is maar 'n bietjie van 'n balanseertoertjie om 'n eenvormige formaat daar te stel en terselfdertyd nie die komponiste te vertoorn nie! Op die ou einde is dit maar die belangrikste om so noukeurig as moontlik te werk en dit terselfdertyd so vinnig as moontlik te doen, want die feit dat die hele land se koorleiers vir jou wag, is nie iets wat 'n ou rustig laat slaap nie.

Die pandemie het veroorsaak dat veral kunstenaars kreatief moet dink, veral met optredes wat gedurig uitgestel of afgestel moet word. Wat doen 'n mens as kunstenaar om in hierdie tye te oorleef?

Jy bid vir insig. En dan begin jy planne maak. Ek het my baie begin toespits op die internet en probeer om daar 'n teenwoordigheid te skep. Verlede jaar het ek twee reekse op my YouTube-kanaal Anton Esterhuysen Productions gehad, naamlik Anton & Vrinne (geborg deur die Kunstetrust in Bloemfontein) en Monday Morning Serenade. Eersgenoemde was 'n reeks van vier episodes wat gedurende Septembermaand van stapel gestuur is en waarin ek saam met ander musici van Bloemfontein opgetree het. Laasgenoemde was 'n reeks video's waarin ek bekende melodieë op die klavier speel wat gedurende die tweede helfte van 2020 op YouTube geplaas is. Albei reekse kan nog steeds besigtig word. 'n Tweede reeks van Anton & Vrinne (geborg deur die National Arts Council) is ook gedurende Mei hierdie jaar geplaas en 'n derde een is reeds in die beplanningsfase. Dan is daar ook my ander YouTube-kanaal, net getiteld Anton Esterhuysen waarop my eie komposisies verskyn. So bou 'n mens dan aan 'n portefeulje en word dit makliker om borgskappe te kry vir projekte, asook werksmoontlikhede. Ek het ook drie musiekvideo's getiteld Klavierkonsert in Afrikaans (populêre Afrikaanse melodieë in die vorm van 'n klavierkonsert in drie bewegings) opgeneem en my bankbesonderhede daarby verskaf sodat mense bydraes kon maak as hulle wou. Dit het ook gehelp om die pot aan die kook te hou. In April vanjaar het ek ook 'n soloklavieruitvoering op die dak van die Loch Logan Waterfront-sentrum gehou met die stad se geboue en liggies as agtergrond (en waarvoor 'n vleuelklavier spesiaal soontoe vervoer is). Dit het my gedagtes in 'n nuwe rigting laat gaan en ek is besig om te beplan aan nog uitvoerings wat iets buitengewoons bied. Hou maar hierdie spasie dop ...



NUUT AAN DIE KOORFRONT

Komponiste kry nuwe asem deur die Vektor Platform

Pieter Bezuidenhout, is 'n komponis, dirigent en een van die direkteure van Vektor Productions, 'n eietydse Suid-Afrikaanse produksiemaatskappy wat nie slegs gegrond is in die ontwikkeling en uitbreiding van die koormedium nie, maar ook die publisering van koormusiek. Hy skryf hieronder meer oor die platform.

Komponiste, die toondigters en skeppers van musiek vorm die ruggraat van enige musikale gemeenskap. Die skeppende kunsvorm van komponeer laat ons toe om met of deur die ervaring van musiek ons eie bestaan 'n dieper betekenis te kan gee. Ons het uiters talentvolle komponiste in Suid-Afrika wat musiek skryf wat werklik praat van ons land se kleurvolle kulturele diversiteit, die medium volstroom uitbrei en ons toelaat om daardeur die koorwêreld te kan ervaar deur hulle werke.

Daar is verskeie nasionale organisasies, soos die ATKV en SAMRO, wat deur hulle inisiatiewe komponiste help om hulle musiek aan kore beskikbaar te stel deur middel van koor- en komposisiekompetisies. Daar is tog 'n tekort aan uitgewersplatforms wat komponiste se musiek tentoonstel en ook beskerm, asook hande vat om komponiste se musiek aan 'n groter gemeenskap te bring.

Wie is Vektor?

Vektor is gestig uit die noodsaaklikheid om ons uiteenlopende Suid-Afrikaanse komponisgemeenskap te dien.

Deur die skepping van 'n aanlyn platform wat as 'n internasionale uitgewery optree en outomaties as 'n databasis (of portefeulje) van Suid-Afrikaanse komponiste se musiek sal dien. Die Vektor Platform tree op as 'n medium waardeur komponiste 'n groter (of bykomende) sigbaarheid vir hulself vind en kommersiële toeganklikheid vir hul musiek sowel plaaslik as internasionaal verkry.

Die rol wat musiekuitgewers speel, is diep gevestig in die meeste lande, wat al vir eeue komponiste toelaat om hulle musiek aan die internasionale mark beskikbaar te stel. Hierdie konsep is nuut in ons bedryf in Suid-Afrika, maar broodnodig vir komponiste en hulle komposisies om verder te kan groei en 'n groter gehoor aan te raak. Dikwels gaan groot hoeveelhede van plaaslike komponiste se musiek verlore vir die gemeenskap, omdat dit nooit buite die raamwerk van hulle individuele handeldrywing gaan nie. So 'n aanlyn uitgewersplatform word 'n vertoonvenster en beskermheer van komponiste se musiek.



Vektor is voordelig vir die dirigent

Dit is nie net belangrik vir die individuele komponis nie, maar ook vir die breër gemeenskap van dirigente wat die musiek uitvoer. Vrae wat dirigente dikwels mee stoei is: hoe om die regte komponis te vind om 'n opdragwerk vanaf aan te vra; hoe werk die proses; wat is die regte bedrag om vir 'n komponis aan te bied; wat is die uitvoerregte van nuwe werk. Hierdie proses word vreeslik vergemaklik deur die groot beskikbaarheid van reeds bestaande komposisies op die aanlyn uitgewersplatform, sowel as die skakel wat die platform bied om kontak te maak met komponiste.

Ons is konstant besig om die databasis te vergroot en nuwe werke en nuwe komponiste op die platform te plaas. Soos wat die platform ontwikkel, beoog ons om die vooraanstaande verspreider van Suid-Afrikaanse koormusiek, beide nasionaal en internasionaal te



VEKTOR IS VOORDEELIG VIR DIE KOMPONIS

Die uitgewersplatform dien ook as 'n databasis wat die musiek van komponiste beskerm. Internasionale uitgewers kan dikwels komponiste uitbuit, hulle regte van die musiek oorneem en so min as 10% van elke verkoopte kopie aan die komponis terugbetaal. Dis om die rede dat sulke uitgewers al 'n slegte naam gekry het. Vektor streef daarna om die komponis soveel as 60% van elke verkoopte kopie terug te gee. Deur 'n goed deurdagte, innoverende en markverwante kontrak behou die komponis ook sy eie kopiereg, sy belange word slegs namens hom/haar op die platform behartig.

Verder word 20% van elke verkoopte kopie teruggeplaas in 'n spesiale billikheidsfonds, wat met tyd sal groei om komponiste fondse te kan bied om nuwe opdragwerke te skryf wat spesifiek gemik is op die Suid-Afrikaanse mark.

Op ons platform is reeds bekende komponiste soos Charlotte Botha, Antoni Schonken, Pieter Bezuidenhout, Franco Prinsloo, Mpumelelo Manyathi, Zander Fick en nog. Op 16 Junie is 'n nuwe stel tradisionele verwerkings van Mzwandile Mabuza bygevoeg. Ons sien uit om nog vele nuwe werke op ons platform te plaas en seker te maak dat dit beskikbaar en gereed is soos wat die mark dit benodig. Ons sal graag julle terugvoer wil hoor, julle vrae beantwoord en nuwe idees hoor. Stuur gerus 'n e-pos aan admin@vektorproductions.co.za en besoek gerus ons webwerf by www.vektorproductions.co.za om na die bestaande katalogus te kyk.

KOORGESPREKKE



RUSTENBURG EN POLOKWANE

Hoe het Covid-19 die kore van Suid-Afrika geaffekteer? Dit is een van die belangrikste vrae waarop Gisela de Villiers en Stephan Gericke 'n antwoord probeer kry het tydens die ATKV-Applous se koorgesprekke op 9 en 10 Junie in Rustenburg en Polokwane.

Die koorwêreld was baie teleurgestel toe daar aangekondig is dat die eerste ronde van die 2021-ATKV-Applous uitgestel is. Dit sou landswyd gedurende Mei en Junie plaasgevind het. ATKV-Applous is Suid-Afrika se toonaangewendste koorkompetisie. Die meeste skoolkore bepaal hul standaard volgens die uitslag van ATKV-Applous en hul prestasies by hierdie kompetisie word hoog aangeskryf. Deelname aan Applous is al jare lank 'n belangrike doelwit vir kore en koorleiers en speel 'n groot rol in die beplanning van hulle koorjaar.

Ná die aankondiging dat die kompetisie vir eers uitgestel is, het die Applousorganiseerders met 'n alternatiewe projek binne die bepalings van die inperkings na vore gekom. Gisela de Villiers en Stephan Gericke is gestuur om met koordirigente van Rustenburg en Polokwane in gesprek te tree. Gisela en Stephan is albei hoogaangeskrewe dirigente met baie toekennings en ervaring en sou vanjaar as

beoordelaars by ATKV-Applous opgetree het.

Die doel was nie om 'n werkwinkel aan te bied nie, maar om eerder met 'n meer informele aanslag met koordirigente te gesels wat vir vanjaar se Applous-kompetisie ingeskryf het. Hierdie koorgesprekke het gevolglik 'n platform geskep waar koordirigente oor hulle behoeftes kon gesels. Die resultaat was 'n suksesvolle dinkskrum waartydens die uitdagings wat kore deesdae in die gesig staar onder die loep geneem is, asook die implimentering van nuwe metodiek, stembou- en repetisietegnieke, die deel van bronne en die skepping van dirigentnetwerke. Dit was belangrik om dirigente te herinner dat hulle volgehoue toewyding tydens die pandemie raakgesien word en dat die ATKV hulle behulpsaam wil wees en waar nodig bystand wil verskaf.

Koorsang is verbied sedert die aanvang van die pandemie in Maart 2020 en kore kon eers in April 2021 weer begin oefen ná die publikasie van die *Staatskoerant* nr. 44339. Dit beteken kore kon vir 12 maande nie wettig bymekaar gekom het nie en selfs toe oefeninge weer hervat is, het die sing met maskers en sosiale distansiering groot uitdagings vir dirigente en koorlede gebied. Tydens hierdie periode toe

Tydens hierdie periode toe kinders glad nie kon koor oefen nie, het 'n groot agterstand in die jong sangers se kennis en vaardighede ontstaan. Met die aankondiging in die *Staatskoerant* van 28 Mei (nr. 44633) dat kore wêér nie mag oefen nie, het dirigente se kommer oor die uitdagings wat kore in die gesig staar al hoe groter geword. Hierdie feit het duidelik tydens die koorgesprekke na vore gekom. Dirigente is bekommerd oor die tekort aan ervaring wat die koorlede toon, veral as in ag geneem word dat dit jare vat om 'n koor se standaard op te bou en jong stemme te ontwikkel, mits daar 'n reeds gevestigde koortradisie by 'n skool bestaan. Hoe dan gemaak by skole waar die koor se basis nog gevestig moet word? Of hoe word 'n koortradisie by 'n skool gebou waar daar geen ondersteuningsbasis vanaf skoolhoofde, ouers en ander onderwysers bestaan nie? Hoe beplan 'n dirigent konserte en deelnames aan kompetisies met regulasies wat heeltyd verander? Wat kan dirigente doen in hierdie tyd om kinders se belangstelling in die koor te behou? Die toekoms van koorsang is in gedrang en wat kan gedoen word om dit te verhoed?

Hierdie tipe vroeë en soveel ander bekommernisse het tydens die koorgesprekke na vore gekom.

Addisioneel tot hierdie logistieke, administratiewe en tegniese probleme, was die meeste dirigente primêr besorgd oor die kinders se welstand. Dit is alombekend dat die koor 'n plek is wat emosionele opvoeding vir vele kinders bied. Dit dien as 'n veilige ruimte waar kinders hulleself kan uitleef, 'n ruimte van vriendskap, samehorigheid en verdraagsaamheid. Dit word alreeds ervaar dat die gebrek aan kooroefeninge en koorkampe, asook die sosiale belewenisse en interaksies wat daarmee gepaardgaan, 'n negatiewe uitwerking op die kinders se geestestoestand het. Verder word ook ondervind dat kinders se algemene dissipline dikwels daaronder ly as die leerders vir lang tye met Jan Tuisbly se karretjie skoolgaan.

'n Dirigent moes nog altyd vele hoede dra as musikant, sanger, pianis, onderwyser, musiek- verwerker, berader, koördineerder, administrateur, fasiliteerder, werwer, fondsinsamelaar en leier, maar in die afgelope jaar moes dirigente ook aanleer hoe om klankingenieurs en videograwe te wees. Met die aanvang van die inperkingstyd het virtuele kooroptredes gewild geword. Dirigente moes self spartel om hierdie vaardighede aan te leer sodat hulle op hierdie wyse hulle kore tydens die pandemie lewendig en betrokke kon hou. Tydens die koorgesprekke is die praktiese aspekte van sulke projekte bespreek en baie raad is uitgeruil. Daar is ook bespreek wat hierdie virtuele optredes vir die toekoms van koorsang in Suid-Afrika beteken. Dit het beslis gehelp om nuwe kandidate te inspireer om deel van 'n koor te word, maar terselfdertyd skep dit ook 'n wanindruk. Baie van hierdie tipe opnames word elektronies gemanipuleer en is nie 'n werklike weergawe van die koor se vaardighede nie en hoe meer geld 'n koor tot hulle beskikking het om die opnames professioneel te laat doen, hoe "beter" klink die koor. Daar is ook kommer uitgespreek oor die moontlike impak van die POPI-wet, wat op 1 Julie in werking tree, op die uitsaai van koorlede se gesigte in so 'n video. Dit het egter duidelik geword dat verskeie aspekte van koorsang veranderinge ondergaan om by te bly met ontwikkelende tegnologie.

In dieselfde trant moes sommige dirigente nuwe vaardighede aanleer om innoverende maniere te vind om koorsang aanlyn te bemark. Sommige kore het wel probeer om aanlyn op Zoom of ander soortgelyke toeps te oefen, maar tydens die koorgesprekke het dit duidelik geword dat hierdie vorm van aanlyn ontmoetings nie effektief is vir die instudering van musiek nie. Alternatiewelik het dirigente eerder gebruik gemaak van oefenopnames. Ander het ook stemontwikkelingsvideo's vir hulle sangers gestuur, asook ander vorme van onderrigmateriaal. Dit was 'n groot besprekingspunt tydens die koorgesprekke, aangesien baie dirigente nog nie vantevore hierdie tipe take moes aanpak nie en hulle het van die geleentheid gebruik gemaak om by mekaar te leer. Ongelukkig bly die realiteit bestaan dat hierdie tipe aanlyn kooronderrig dikwels nie baie suksesvol is nie, want die meeste skoolgaande kinders is nie noodwendig daartoe in staat om selfstudie te doen nie en die meeste leerders het nie toegang tot data of die nodige skootrekenaars of slimfone nie. Verder moes kinders fokus op akademie en koorsang bly 'n buitemuurse aktiwiteit. Die terugvoer wat dirigente ontvang het vanaf diegene wat wel kon deelneem aan aanlyn aktiwiteite was baie positief. Dit was ook duidelik dat hierdie geringe erkenning baie beteken het vir die dirigente wat soveel ekstra moeite vir hulle koorkinders doen.

Die meeste koordirigente het tydens die pandemie gevoel asof hulle alleen op 'n eiland gestrand is met ondiere wat in die donker dreig. Dit was 'n nuwe wêreld met nuwe uitdagings. Dirigente het probeer om planne te maak, maar het ook nie geweet wat ander dirigente by ander skole aanpak nie. Dit was een van die grootste voordele van hierdie koorgesprekke – die feit dat dirigente bevestiging kon kry dat hulle nie alleen is nie en dat daar ander dirigente is wat met dieselfde uitdagings worstel. Daar is ander dirigente wat dieselfde onsekerhede ervaar, oor dieselfde bekommernisse wroeg, dieselfde foute maak, maar steeds dieselfde passie vir hulle kinders en vir koorsang het wat hulle dryf. Die koorgesprekke was wel insiggewend oor hoeveel dirigente, ten spyte van hulle isolasie, soveel moeite ingesit het om te veg vir hulle kore se voortbestaan. Soveel inisiatief is geneem om kinders betrokke te hou by koorsang en aan te moedig in hierdie tyd. Hierdie dirigente is ware gemeenskapsleiers. Dit is bemoedigend om te sien hoe die koordirigente daartoe in staat is om in uiterste omstandighede die positiewe silwer randjie raak te sien. Hierdie passie spoel oor na die kinders. Die meeste dirigente kon ten minste ook noem dat hulle hierdie jaar baie meer oudisies vir hulle kore gekry het en dat hulle koorgetalle toegeneem het. Dit is duidelik dat daar 'n behoefte onder die kinders is om weer aan 'n koor te kan behoort en om saam aan musiek te kan deelneem.

Dit gee hoop, want ten spyte van die geweldige negatiewe gevolge van die pandemie, weet ons nou dat koordirigente en koorsang in die toekoms instrumenteel sal wees om 'n groot bydrae te lewer om hierdie situasie te oorbrug.

OOS-LONDEN, PORT ELIZABETH, HUMANSDORP EN PIETERMARITZBURG

Dit was vir ons twee beoordelaars van ATKV-Applous (Hannelize du Plessis en Linda Claassen) albei opwindend maar ook spanningsvol om die reis na 'n paar kusdele te onderneem. Die uitkoms van hierdie meer informele gesprekke was wel uiteindelik geweldig positief, leersaam en insiggewend aangesien daar deur almal onderwerpe op die tafel geplaas is om te bespreek sodat daar by gesamentlike oplossings en voorstelle uitgekom is waarby ons almal kon baat. Ons is aangenaam verras deur die entoesiasme en opmerkbare toewyding van koorleiers uit alle oorde.

Gesprekke het duidelike frustrasie met die inperking op repetisies getoon maar het ook verskeie slim oplossings opgelewer. Daar was by sekere skole uitstekende spanwerk wat die aanleer in stemgroepe aansienlik vergemaklik en ook tyd bespaar. Hulle geriewe laat dit toe, anders as elders waar ons simpatie gehad het met 'n koorleier wat 80 koorlede alleen ontvang vir baie kort periodes en dan ook sukkel met gebrek aan finansies en datatekste by koorlede. Soos oral die geval was, het baie probeer om stempartye aanlyn aan koorlede te stuur saam met die partiture. Dit kon 'n klein bydrae lewer tot vordering maar ongelukkig het almal nie toegang tot data nie en verkeer ons skoolkinders tans onder druk om hul akademie by te bring in omstandighede waarin hulle meer geïsoleerd moet werk as in die verlede.

Daar was koorleiers wat vir bykans 'n jaar nie geoefen het nie, maar daar was ook heelwat kore gereed vir optrede. Die versekering is deur ons gegee dat ons met Covid-ore na kore luister en nie dieselfde fyn afronding (waarvoor Suid-Afrikaanse kore bekend is) verwag nie.

Heelwat dirigente het laat blyk dat die instudeer van partiture die verste was wat hul die saak kon voer. Die omstandighede en tyd het niemand toegelaat om werklik hul eie klankideaal, styl, frasering en ander aspekte van musikale oordrag uit te kom nie. Van die gewone koorformasies en dissipline was daar nie sprake nie omdat alle Covid-protokolle toegepas moes word. Dus was omstandighede te moeilik om te bepaal waartoe elke koor as instrument in staat is.

Die repertoriumkeuse is vanjaar aangepas en die reëls vir die Ope Afdeling is gewysig. Daar is klem gelê op die feit dat hierdie kategorie nie as minderwaardig gesien moet word nie, maar eerder as 'n poging om meer inklusief te wees sodat kore genres kan aanpak waarin hulle gemaklik sal wees. Dit skep dus die geleentheid aan dirigente om ander style wat moontlik hul sterk punt is uit te toets terwyl die vlak van sang/beoordeling steeds voldoen aan dieselfde standaarde van verantwoordbare koorsang. Die kriteria vir koorsang bly dus dieselfde soos in al die ander afdelings.

Daar is heelwat gesels oor die ATKV-KomposisieKompetisie en oor waar om werke van opkomende Afrikaanse komponiste te bekom. Die ATKV het reeds in die verlede verskeie katalogusse van komponiste op hul webwerf geplaas sodat dirigente toegang het tot 'n moontlike nuwe repertorium en op die manier kan kontak maak met spesifieke komponiste. Gesprekke is ook gevoer oor hoe 'n koorleier 'n komponis kan lei om 'n opdragwerk te komponeer om spesifiek by sy/haar koor se behoeftes te pas. Op die manier kan heelwat meer jong opkomende komponiste bydra tot die Suid-Afrikaanse koorrepertorium.

Ander aspekte waaroor gesels is, was die moeilike situasie om nuwelinge in die koor se klankproduksie te ontwikkel terwyl intensiewe oefening onmoontlik is. Hierdie probleem kom reeds vanaf 2019 en daar is dus 'n gaping tussen graad 8- en 9-leerders en die graad 11- en 12-leerders. Daar is eintlik nie 'n oplossing hiervoor nie en ons kan net kennis neem van die dilemma. Die enigste manier sal wees om vorentoe weer in klein groepe te begin oefen om aandag te gee aan die tegniese aspekte van die stem om sodoende geleidelik die jong stem op te lei en in te lyf in die dirigent se klankideaal. Ons hoop om gou weer toestemming te kry om ten minste in klein groepies te oefen net om die vlammetjie te laat aanhou brand.


Lewendige gesprekke rakend vokaalplasing was aan die orde van die dag. Opvallend is dat daar verskillende "skole" van koortegniek bestaan en daar is beklemtoon dat beoordelaars nie klankkwaliteit sal beoordeel waarvan hulle persoonlik hou nie, maar eerder luister of die klank van 'n spesifieke koor musikaal verantwoordbaar is en goed bind al dan nie – dus moet bestaande, goeie koorkriteria steeds die prioriteit wees al verskil die klankideale. Daar is raad gegee oor hoe om byvoorbeeld meisietenore se klank te laat bind met dié van seunstenore. Daar is ook wel beklemtoon dat die meisies wat moontlik gebruik word in 'n tenoorgroep werklik gemaklik in daardie omvang moet wees en sulke dogters ontvang ook leiding oor hoe om nie die stem te ooreis of verkeerd te gebruik nie.

Heelwat koorleiers het gesels oor balansprobleme in hul stemgroepe, want hulle kan dit nie byvoorbeeld virtueel optel of kontroleer nie. Aanbevelings is gemaak om die piramide-idee te gebruik met meer ondersteuning van onderste stemme en minder soprane. Daar is ook gesels oor die plasing van 'n koor op die verhoog en wat om byvoorbeeld te maak met goeie, maar uitstaan stemme. In kort moet daar rondgespeel word met die koorformasie om die regte tipe/kleur stemme bymekaar te plaas totdat die uitkoms goeie resultate mag hê.

Sommige voorgeskrewe werke is bespreek. Vanjaar kan daar ook werke uit 2020 of 2021 se lys aangebied word sodat dit moontlik is om voort te bou op werk wat nie aangebied kon word weens die kansellering van die koorfeeste en finaal in 2020. Koorleiers het vrae oor spesifieke werke gevra en kreatiewe oplossings is voorgestel en met entoesiasme ontvang. Sommige eie keuse werke is ook bespreek en klem is daarop gelê om nie te moeilike musiek te kies in moeilike omstandighede nie. Nie al die werke hoef ewe gevorderd te wees of soveel stemverdelings in te sluit nie. Kies dus liever werke wat op die koor se tegniese vorderings- en ervaringsvlak is en ook werke wat sinvolle harmoniese balans bewerkstellig indien die getalle van die koor nie op natuurlike wyse 'n bydrae daartoe lewer nie.

Oor die algemeen was ons beïndruk met die tipe vrae wat koorleiers gestel het en het ons ook baie van mekaar geleer. Interessant was 'n improvisasie van 'n klankmasjien wat 'n lekker opwarming vir jou koor kan wees. In Pietermaritzburg is ons vergas op 'n impromptu komposisie deur Jacques Heyns wat ons ten slotte gesing het. Hier het koorleiers dadelik 'n WhatsApp-groep gestig en besluit om self optreegeleenthede te skep.

Vanjaar sou dit seker gepas gewees het om 'n cum laude-toekenning te gee aan koorleiers wat enduit vasbyt!



ATKV-APPLOUS

Ten tye van die opstel van die eerste Applous-pos is die ATKV-Applous-koorkompetisie uitgestel en hou ons duim vas dat kore gou weer sal mag oefen en dat ATKV-Applous wel in die derde kwartaal sal kan plaasvind.

Soos julle in die brosjure gesien het, het ons vir 2021 die repertorium aangepas om die program meer hanteerbaar vir die kore te maak. Die beoordelaars sal ook die unieke probleme van hierdie jaar in ag neem wanneer hulle beoordeel.

MOGALE KUNSTEFEEES

Die opwindende Mogale Kunstefees en Koorindaba word vir November beplan. In die volgende uitgawe van Applous-pos sal ons volledig inligting hieroor gee.

KOBUS VENTER

Kobus Venter, koorleier van die Noordwes-Universiteitskoor, is in Mei aangestel as die nuwe dirigent van die Noordwes Kinderkoor (NWCC). Kobus is ook dirigent van die Molen Kórus-kamerkoor en lektor in koorleiding aan die Noordwes-Universiteit se musiekskool. Kobus volg Christelle Engelbrecht op wat vir vier jaar uitstekende werk met die kinderkoor gedoen het.

Kobus het oorspronklik BCom Finansies studeer en het later sy BMus-graad met lof verwerf. Hy is tans besig met sy meestersgraad in koorleiding onder prof. Santisa Vijoer en Rudolf de Beer.